

**IDIOLEK VAN T.T. CLOETE:  
vers, sin en Woord in jukstaposisie**

Ena Jooste  
M.A., H.O.D.

Proefskrif goedgekeur vir die graad  
Doctor Litterarum in Afrikaans-Nederlands in die  
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die  
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Promotor: Prof. M.C.A.Seyffert  
Medepromotor: Prof. J. van der Elst

Potchefstroom

1989

vir O.T.  
aan Theo

Geldelike bystand van die RGN vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie studie uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie beskou word as noodwendig dié van die RGN nie.

## DANKWOORD

My opregte dank aan

- proff. Seyffert en Van der Elst vir kundige leiding en aanmoediging;
- prof. H.S. Steyn van die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO vir hulp met die statistiese verwerking van woordfrekwensiedata;
- die personeel van die Rekensentrum van die PU vir CHO vir beskikbaarstelling van fasiliteite;
- Heinie, Petri, Marthie en Chris vir spanwerk soos min by die woordverwerker;
- prof. Cloete vir toegang tot bronnemateriaal, jarelange vriendskap en besielende gesprek;
- my ouers vir al die jare se liefde en belangstelling;
- my seuns, Petri (vir die baie proeflees en rekenaarwerk), Berni (vir hulp met proeflees) en Andri (vir liefde en begrip);
- my man, Theo vir te veel om ooit te probeer noem!

Aan God my hoogste dank en aan Hom alleen die eer.

"Wysheid begin met die dien van die Here;  
almal wat dit doen het ware insig." (Psalm 111:10.)

## INHOUDSOPGAWE

### VERANTWOORDING

I	VOORAF	2
II	PROBLEEMSTELLING	3
III	ONDERWERPKEUSE EN AKTUALITEIT	4
IV	HIPOTESE	7
V	ONTWERP EN METODE	8
VI	VERLOOPSPLAN	9
VII	DOELWIT	11

### HOOFSTUK 1

#### KADER VAN CLOETE SE IDIOLEK: LITERATOR-DIGTERS KAP

1.1	DIE KONSEP LITERATOR-DIGTER	13
1.2	LITERATORSKAP	14
1.2.1	Oorsprong	14
1.2.2	Kennis en wetenskap	14
1.2.3	Teorie as vertrekpunt	16
1.2.3.1	Poëtika	16
1.2.3.2	Fases van wetenskaplike studie	17
1.2.3.3	Doel van literator-teoretikus	21
1.2.3.4	Begripskaders	21
1.2.4	Kritiek as literêre diskoers	25
1.2.4.1	Aannames	26
1.2.4.2	Kritiek kundigheid en kreatiwiteit	27
1.2.4.3	Middele tot kritiek	33
1.2.5	Historiese as literêre diskoers	44
1.2.5.1	Literatuurdimensie	44
1.2.5.2	Aard, doel en middele	46
1.2.6	Samevatting	49
1.3	DIGTERS KAP	49
1.3.1	Oorsprong	49

1.3.2	Kennis en kuns	50
1.3.3	Kreatiwiteit en kuns	51
1.3.4	Intuïsie en ratio	52
1.3.4.1	Natuurlike bekwaamheid	53
1.3.4.2	Aangeleerde tegniek en tegniese vaardigheid	56
1.3.5	Aard van die poëties-estetiese	57
1.3.6	Diskoersmoontlikhede	59
1.3.7	Samevatting	60
1.4	LITERATOR-DIGTERS KAP	61

## HOOFSTUK 2

### VERS EN IDIOLEK

2.1	VERS	64
2.2	ARTEFAK EN PROSES	66
2.3	ARTEFAK EN SAMESTELLEDE ELEMENTE	73
2.3.1	Woordbetekenis	75
2.3.2	Versklank	83
2.3.3	Ritme	94
2.3.4	Tipografie	98
2.3.5	Sintaksis	101
2.4	TAAL KONSEP PATROON	107
2.5	SAMEVATTING	113

## HOOFSTUK 3

### SIN EN IDIOLEK

3.1	SIN	116
3.2	WAARNEMING	118
3.3	REDE OF INTELLEK	129
3.3.1	Taalvermoë	130
3.3.2	Denkvermoë	138
3.3.3	Poëtikale vermoë	145
3.3.3.1	Simultane denke	146

3.3.3.2	Kado-denke	151
3.3.3.3	Onbewuste denke	155
3.3.3.4	Eenheidsdenke	156
3.4	AANVOELING, WERKLIKHEIDSDetail	158
3.5	SELEKSIE	170
3.6	SIN EN IDIOLEK	183

## HOOFSTUK 4

### WOORD EN IDIOLEK

4.1	WOORD	185
4.2	DIE JUKSTA VAN GODDELIKE EN MENSLIKE	188
4.2.1	Kenne	188
4.2.2	Kommunikasie	196
4.2.2.1	Taal	200
4.2.2.2	Musiek	205
4.2.3	Kreasie	211
4.2.3.1	Lenig en strak	212
4.2.3.2	Volmaakte en mismaakte	220
4.2.3.3	Vinger en hand	225
4.3	DIE KONSEPTUEEL-LITERêRE EN DIE BYBELSE	228
4.3.1	Tyd	228
4.3.2	Ruimte	234
4.3.3	Figure	237
4.4	LYDING AS BYBELSE GEGEW	242
4.5	PERIFRASE EN BYBELSE SIMBOLE	251
4.5.1	"Jesaja"	252
4.5.2	"Onblusbaar"	253
4.6	SAMEVATTING	254

## HOOFSTUK 5

### TEKSVARIANTE EN IDIOLEK

5.1	TRANSKRIPSIE EN IDIOLEK	257
5.2	UITERLIKE PROFIEL VAN "TRANSKRIPSIE"	259
5.3	TEKSVARIANTE EN IDIOLEK	260
5.4	'N NUWE STRATEGIE	261
5.4.1	Sleutel	264
5.4.2	Transkripsie	265
5.4.2.1	"I Joh. 21:18"	266
5.4.2.2	"II Ps. 24:1; Job 7:19,20"	270
5.4.2.3	"III Job 4:10,11"	274
5.4.2.4	"IV Job 13:28; 14:7 e.v."	277
5.4.2.5	"V Job 5:23; 6:6"	281
5.4.2.6	"VI Hoof t"	284
5.4.2.7	"VII Leopold"	289
5.4.2.8	"VIII Nijhoff"	294
5.4.2.9	"IX Leipoldt"	298
5.4.2.10	"X Ballade van die digter"	305
5.5	TENDENSE EN TIPOLOGIE: SLOTOPMERKINGS	317

## HOOFSTUK 6

### SLOTBESKOUIING

6.1	IDIOLEK EN TENDENSE	321
6.2	BUNDELIDIOLEK: 'N SINTESE	321
6.2.1	Tematies	322
6.2.2	Leksikaal-semanties en morfologies	324
6.2.3	Fonies-ritmies	327
6.2.4	Sintakties en tipografies	328
6.3	IDIOLEK	329
6.3.1	Titels en temas	330
6.3.2	Idiosinkratiese taalgebruik: oog en oor	338
6.4	DIE HELDER DUBBELSTER	349

## BYLAES

Bylae 1	"I Joh. 21:18"	(manuskrip)	350
Bylae 2	"II Ps. 24:1; Job 7:19,20"	(manuskrip)	351
Bylae 3	"III Job 4:10,11"	(manuskrip)	352
Bylae 4	"IV Job 13:28; 14:7 e.v."	(manuskrip)	353
Bylae 5	"V Job 5:23; 6:6"	(manuskrip)	354
Bylae 6	"VI Hooft"	(manuskrip)	355
Bylae 7	"VII Leopold"	(manuskrip)	356
Bylae 8	"VIII Nijhoff"	(manuskrip)	357
Bylae 9	"IX Leipoldt"	(manuskrip)	358
Bylae 10	"X Ballade van die digter"	(manuskrip)	360
Bylae 11	Woordfrekwensietabelle		362

## ABSTRACT

374

## BRONNELYS

376

VERANTWOORDING

## I VOORAF

Die individuele digter se intellektuele agtergrond, lewensbeskouing, oorspronklikheid en hele menswees lei tot 'n unieke representasie, sy eie "kyk". Dorlijn (1984:6) verwys na die samestelling van 'n taalgebruiker se taalkompetensie, sy kennis van een of meer pragmatiese sisteme en sy "kennis van de wereld in de meest algemene zin". Hy stel dat taalkompetensie tot stand kom deur 'n aangebore taalleervermoë, maar dat dit beïnvloed word deur kennis van die algemeen pragmatiese taalgebruik binne omgewingsverband. Die spelreëls van taalkompetensie word natuurlik medebepaal deur die "genre" (byvoorbeeld literatuur of wetenskap) wat die betrokke taalgebruik ten grondslag lê. Scholtz (1984:108) beweer dat die sogenaamde "literary competence" 'n rol te speel het by die skrywer se manier van doen of hy nou skrywer of leser is.

Met die verskyning van T.T. Cloete se vierde digbundel beklemtoon die titel, *Idiolek*, die digter se unieke kodesisteam of kommunikasiepatroon. Die begrip *idiolek* word immers gebruik om die spesifieke taalgebruik van die individu aan te dui (Van Gorp, 1984:286). Literêre *idiolek* is dit wat die woordkunstenaar se persoonlike kenmerk of "watermerk" konkretiseer. 'n Digbundel met die titel *Idiolek* stel daarom 'n insae in die "taaldinkversameling"<sup>1</sup> van die digter in die vooruitsig omdat literêre *idiolek* verantwoordelik is "voor de spesifieke individuele eienskappe die de teksten van de auteur kenmerken" (Dorlijn, 1984:7).

---

<sup>1</sup> "Taaldinkversameling" is deur T.T. Cloete gemunt in die gedig "goedwateronderhouer" (*Idiolek*, 1986:131).

**Opmerking:** Notas soos hierdie wat die beredeneringslyn van die teks sou onderbreek, word deurgaans as voetnote op dieselfde bladsy geplaas. Dit word nie aan die einde van die hoofstuk gegee nie vanweë die noue verbondenheid daarvan met die teks. In enkele gevalle loop die laaste voetnoot van 'n bladsy oor na die voetnootspasie van die volgende bladsy.

Die titel "idiolek", volgens Hambidge (1986:10), suggereer die inbegrip van verwante konsepte soos "ideologies ('n merkteken eie aan 'n persoon; handelsmerk), idiomaties, ideologies, ensovoorts" - in 'n neutedop vervat: "die 'ek' se persoonlike handtekening". Hoewel die digterspersoon nie sommer met die personale "ek" van sy woordkunswerk geïdentifiseer kan word nie, leen die bundel *Idiolek* hom by uitstek vir so 'n identifikasie omdat in hierdie bundel die kode opgesluit lê vir Cloete se digtersidiolek. Die opskrif by 'n resensie van *Idiolek* lui dan ook: "Duidelik Cloete en profiel is skerper" (Grové, 1986:8). Juis omdat dit die jongste bundel van die outeur is en kennelik 'n sintese van sy oeuvre bied, kan *Idiolek* as uitgangspunt dien vir die bestudering van die kenmerkende van Cloete se oeuvre. Trouens nie alleen Cloete se literêre idiolek word deur hierdie bundel belig nie, maar die digterlike werksaamheid geniet op eksplisiete wyse deurlopende aandag sodat die poëtikaal-religieuse van die vorige bundels as 't ware kristalliseer in *Idiolek*. *Idiolek* bied op 'n eiesoortige wyse 'n demonstrasie van die interafhanklike komponente van Cloete se idiolek.

Die begrip "idiolek" bring 'n algemene en 'n besondere taalsisteem ter sprake. Die algemene literêre en taalsisteem dien as agtergrond vir die reëlmatighede en tendense wat uit 'n besondere woordkunstenaar se oeuvre duidelik word. Om die idiolek van 'n digter te bestudeer, is sowel die tematiese as die foniese, leksikaal morfologiese, sintaktiese, semantiese, grafemiese of tipografiese karakteristieke tendense volgens Dorlijn (1984:16) noodsaaklike vertrekpunte. Die taalmanifestasies kan ook as poëtiese middele beskou word (vergelyk hoofstuk 2) en die algemene begrippe in dié verband is van belang as vergelykingsbasis vir die besondere van die idiolek. Cloete is egter 'n digter wat ook as literator aktief werksaam is en sy taalkompetensie word daardeur beïnvloed.

## II PROBLEEMSTELLING

'n Wordkunstenaar se skryfpraktyk hang nou saam met sy kyk op die literatuur as sodanig en sy kyk op die werk van ander skrywers. Digters soos M. Nijhoff, T.S. Eliot en N.P. van Wyk Louw se verseksterne uitsprake oor (onderskeidelik) objektivering, "objective correlative" en

"digter as intellektueel" kan teruggevind word in hulle eie poësie. T.T. Cloete is tegelyk literator en digter. Van die digter, wat ook literator is, sou mens saam met die artistiek kreatiewe ook 'n intellektuele inslag verwag, 'n neiging tot kritiese denke en moontlik 'n voorliefde om te teoretiseer. Aan die ander kant sou die literator-digter se bydrae as literator benewens kundigheid ook kunstigheid kon vertoon. Bowendien moet by Cloete ook sy uitgesproke Christenskap<sup>2</sup> verreken word. In sy idiolek is daar reeds op die oog af drie komponente: digterskap (vers), literatorskap (sin) en Christenskap (Woord).<sup>3</sup> Uit die aard en samestelling van Idiolek kom dié drie komponente as konvergerende strale daarin aan die lig.

Die titel van hierdie proefskrif, naamlik **IDIOLEK VAN T.T. CLOETE: vers, sin en Woord in jukstaposisie**, is enigsins ambivalent. Enersyds sou dit kon uitwys na Cloete se literêre idiolek, maar aangesien geen bepaalde lidwoord IDIOLEK voorafgaan nie, sou dit ewe goed kon dui op die bundel **Idiolek**. Die titel is doelbewus so gekies om die bundel as kristallasiepunt te impliseer in die beskrywing van die tipiese in Cloete se oeuvre.

### III ONDERWERPKEUSE EN AKTUALITEIT

'n Ondersoek na die interaksie van die poëtiese, poëtikale en religieuse stramien van Cloete se oeuvre is nog nie onderneem nie<sup>4</sup>. Ook Cloete

---

<sup>2</sup> Cloete(1981:39) sien byvoorbeeld "foniese en ritmiese taalwaardes" as "genadegawes aan die kunstenaar ... waarmee hy taaldinge maak ... wat ewe goed as idees ensovoorts tot verheerliking van God kan dien".

<sup>3</sup> "Vers, sin en Woord" word omskryf en verklaar in hoofstukke 3, 4 en 5 onderskeidelik

<sup>4</sup> Ek praat vanuit die perspektief van 1986. Sedertdien het enkele

se implisiete kritiek<sup>5</sup> as sodanig, sowel as die ekstrak van sy literatuurteoretiese uitsprake is as studieonderwerpe grootliks onontgin. Die jukstaposisionele<sup>6</sup> aard van sy "vers, sin en Woord" kan dus met vrug nagegaan word. Idiolek verteenwoordig 'n neerslag van Cloete se artistieke, wetenskaplike en religieuse denkpatroon. Hierdie bundel is trouens die vonk wat my ondersoek na die kenmerkende in sy oeuvre laat vlam vat het. Die rede daarvoor is enersyds dat die titel *Idiolek*, sodanig is dat dit, ten spyte daarvan dat die digter nie noodwendig met die liriese subjek van die gedigte gelykgestel kan word nie, 'n persoonlike stempel van die outeur impliseer. Dit word versterk deur sy rubrikering van die gedigte, wat eksplisiet digterlike werksaamheid betrek:

- "pegasea", wat daarop dui dat die betrokke gedigte betrekking het op die maak van gedigte;<sup>7</sup>

---

proefskrifte en 'n aantal verhandelinge oor verskillende aspekte van Cloete se poësie die lig gesien maar is die betrokke onderwerp as sodanig nog nie bestudeer nie.

- <sup>5</sup> Onder "implisiete kritiek" moet verstaan word: kritiese essays, relevante artikels en satiriese gedigte asook parodieë, ensovoorts. Aangesien die kritiese in bogenoemde juis die artistiek kreatiewe as kommunikasiebasis gebruik (in teëstelling met eksplisiete kritiek), is dit 'n bron van illustrasiemateriaal ten opsigte van die interaksie van kritiek en poësie. Dit is interessant dat Angelliera, Cloete se debuutbundel, met sy titel hierdie interaksie suggereer: *angel + lier* (dit wil sê kritiese en liriese).
- <sup>6</sup> Die konsep jukstaposisie kom veral met betrekking tot Cloete se poësie onder die aandag met sy tweede digbundel, *Jukstaposisie*, waar dit tegelyk op teenstelling en teenaanligging dui.
- <sup>7</sup> Pegasus is die sogenaamde gevleuelde perd van die digters - "Pegasus bestyg, gedigte maak" (HAT, 1981:826). Pegasus is ook die gun-

- "vertekendes", waarin die "hedonistiese maatskappy met sy genietinge" (Grové, 1986:8) satiries misgeteken, verteken word - 'n digterlike aksie wat skakel met die literatuurpraktiek (vergelyk hoofstuk 2);
- "life is in the eye of the beholder", wat impliseer dat lewe geskep word deur waarneming wat veral deur die gesigsintuig plaasvind;
- "toepassings van dante", as 'n toepassing van die werklikheid deur die digter wat, soos hy in vorige gedigte<sup>8</sup> natuurdinge toegepas het, dit hier met kultuurdinge doen;
- "transkripsie", wat soos "vertekendes" en "toepassings van dante" ook 'n outeursaktiwiteit is, en waarin 'n stappie verder gegaan word as in "toepassings ..." aangesien nie net die epigraaf uitgebrei word nie, maar 'n oorspronklike idiolek (dié van 'n aangeduide digter) deur 'n nuwe idiolek tot nuwe gedig getransformeer word;
- "perifrase", wat aandui dat met "tekenende besonderhede" "omskrywend" gewerk word;<sup>9</sup>.
- "die aanwesigheid van die afwesigheid", wat daarop dui dat sekere gegewens tegelyk verswyg en geïmpliseer word en die digterlike taalaanbod waarin implikasie<sup>10</sup> 'n bepalende rol speel, getipeer word;

---

steling van die digters wat die muse vrylaat (Larousse, 1957:884);  
 - en dui aan: wat betrekking het op.

<sup>8</sup> Vergelyk die voëls, miere, tuinboom, ensovoorts (Idiolek).

<sup>9</sup> Perifrase: "Stylfiguur wat nie 'n begrip of ding reguit noem nie, maar dit deur tekenende besonderhede omskryf" (HAT, 1981:830).

<sup>10</sup> Vergelyk Snyman (1983:2), waar implikasie getipeer word as iets anders as referensie en konnotasie omdat dit nie in die saak alleen

- "holografie", die sluitstuk van die idiolektiese omdat die woord holografie afgelei is van "holograaf", wat dui op "vollständig eigenhändig handschriftlich geschriebenes Schriftstück; ein eigenhändiges Manuskript eines Werkes" (Von Wilpert, 1964-79:280).

In al hierdie rubrieke van **Idiolek** is Cloete se literator-digter-Christenskap só wesentlik gekonkretiseer dat die bundeltitel by eerste implikasie digtersidiolek in die algemeen betrek en by grondige ondersoek die Cloete-idiolek verteenwoordig.

Die oorkoepelende aktualiteit van hierdie studie is dan daarin geleë dat die jukstaposisionele aard van Cloete se wetenskaplike, artistieke en religieuse denke (grondslag van sy idiolek) die interafhanklikheid van vakdisiplines illustreer. Definiëring van sy idiolek sal hopelik ook 'n bydrae lewer tot die enkodering van sy poësie in die algemeen en insig in die omvang van sy literêre bydrae tot die Afrikaanse letterkunde en die literatuurwetenskap verskaf.

#### IV HIPOTESE

Die uitgangspunt van hierdie ondersoek na die idiolek van T.T. Cloete is die aanname dat die bundeltitel van sy vierde digbundel daarop dui dat die gedigte in die betrokke bundel die kiemsel van die Cloete-idiolek bevat.<sup>11</sup> Die hipotese dat **Idiolek** sintetiserend, ekspliserend en terugverwysend na die bundels **Angelliera**, **Jukstaposisie** en **Allotroop** is, word ook gestel. 'n Verdere hipotese is dat Cloete se literatuurwetenskaplike bydrae benewens analitiese denke ook artistiek kreatiewe trekke vertoon. Aan die ander kant is sy poësie in 'n duidelik wetenskaplike en religieuse toonaard. Daarom word Cloete se literêr-kritiese instelling,

---

opgesluit lê nie maar 'n "onbreekbare eenheid met die volledigheid van die omringende taalkonteks vorm".

<sup>11</sup> Motivering hiervoor is onder II en III gegee.

sy literêr-wetenskaplike belangstelling en sy artistiek-kreatiewe vermoëns hipoteties as jukstaposisioneel aanvaar.

## V ONTWERP EN METODE

Die hele navorsingspatroon is ontwerp om die wisselwerkende aard van Cloete se literator-digterskap en sy hantering van Bybelse gegewe bloot te lê as moontlike basis vir sy idiolek. Terselfdertyd word voortdurend gepoog om **Idiolek** as kristallisasiepunt van Cloete se idiolek te neem en so die idiolektiese trekke van die bundel in sy oevre na te gaan.

Primêre en sekondêre bronne word gebruik in tekstuele en teoretiese begronding van die onderwerp. Die bundel, **Idiolek**, word as uitgangspunt geneem, terwyl Cloete se ander digbundels en relevante geskrifte as bevestigende voorbeeldmateriaal ingespan word. Die wetenskaplike stramien van sy gedigte soos dit uit sy skeppende werk blyk, asook die interaksie van sy kritiese, teoretiese en digterlike bydrae word ondersoek. Bybelywysings word meestal uit die 1954-hersiening van die **Bybel** (1933-vertaling) gemaak aangesien juis hierdie vertaling direkte verband hou met baie van Cloete se gedigte. Waar die 1983-vertaling meer van toepassing is, sal dit vermeld word.

'n Deel van die navorsing is met behulp van die STAIRS-rekenaarprogram onderneem met die oog op identifisering van 'n kernwoordeskat as deel van Cloete se idiolek. Die databank wat hierdeur opgebou is, moes só saangestel word dat dit rekening hou met woordfrekwensie sowel as konteks.

Ten slotte is 'n metode ontwerp om die groot hoeveelheid data statisties te verwerk, te vergelyk en grafies toeganklik te maak.

Die navorsing ten opsigte van woordgebruik het aanvanklik die vorm aangeneem van 'n frekwensiebepaling van die algemene gebruikswoorde in die vier digbundels van Cloete. Unieke samestellings, wetenskaplike terme en ander woorde wat eie aan Cloete se poësie is, maar eenmalig voorkom, is buite rekening gelaat maar wel as voorbeeld binne die konteks

van **Idiolek** aangetoon. Die isolering van sekere woorde vir insluiting in die frekwensietabel is eerstens na aanleiding van woorde uit die digbundels self gedoen deur die bundels deur te lees. Later is die korpus aangevul deur gebruiksworde wat verkry is vanaf die finale verslag van 'n frekwensiebepaling van spreektaalwoorde soos dit uit 'n S.A.U.K.-korpus vasgestel is. (Vergelyk Kroes, 1983(3):201-215.) Aangesien sommige woorde verskillende betekenisse in dieselfde woord huisves (die woord "oor" kan byvoorbeeld die menslike gehoororgaan aandui, maar dit kom ook in ander verband voor), moes die woorde na identifikasie afsonderlik binne konteks beoordeel word.

Die geïsoleerde woorde is uiteindelik met behulp van die SAS-rekenaarprogram statisties tot persentasies van die aantal woorde in elke betrokke bundel verwerk. Dit was nodig om 'n vergelykingsbasis te verkry vir die woordfrekwensie van die vier digbundels aangesien die verskillende bundels elk sy eie totale aantal woorde bevat. Uiteindelik kon die verskillende bundels se woorde in afnemende frekwensie gerangskik word sodat betekenisvolle woorde met 'n hoë frekwensie vergelykenderwys grafies voorgestel kon word. Op die wyse kon nie alleen 'n deel van Cloete se kernwoordeskat blootgelê word nie, maar kon ook 'n aantal woorde met 'n hoë frekwensie met oorkoepelende tematiese duiding van die verskillende digbundels vergelyk word. Op hierdie wyse is gepoog om woorde wat herhaaldelik in 'n bepaalde verband in Cloete se poësie voorkom, te identifiseer as deel van sy unieke kernwoordeskat of digtersleksikon.

## VI VERLOOPSPLAN

'n Begripsomskrywing van "idiolek" is reeds ter inleiding aangevoer. Aan die hand van hierdie voorlopige tipering van "idiolek" is 'n eerste doelwit van die studie om die agtergrond te omlin waarteen die empiries-tekstuele ondersoek na die reëlmatighede en tendense van die bundel, **Idiolek**, gesien moet word. Omdat Cloete literator-digter is, is besinning hieroor nodig. Dit is immers die sogenaamde pragmatiese "genre" wat Cloete se idiolek ten grondslag lê. Die aard, doel en middele van literator-digterskap sal in die eerste hoofstuk bespreek word. Rele-

vante begrippe wat hieruit voortvloei, sal gaandeweg gedefinieer word. Sodra dit duidelik is wat literator-digterskap in die algemeen inhou, word die besondere van Cloete se idiolek aan die hand van Idiolek ondersoek.

Rekenskap word in hoofstuk 2 gegee van die wisselwerkende aard van Cloete se literêre diskoers, naamlik dat hy as literator sekere insigte ten opsigte van poësie in die algemeen openbaar en dat hierdie sieninge veral aantoonbaar is in Idiolek. Cloete se hantering van die verskynsel vers word dus aan die hand van versinterne sowel as verseksterne manifestasies ondersoek. Die tweede hoofstuk word daarom "Vers en idiolek" genoem.

Die taalmanifestasies van sy poësie en spesifiek tematies en stilistiese eie-aardighede kom hier aan bod. Die digterlike taalmiddele, waarvoor Cloete verseksterne besin het, maar versintern op 'n besondere wyse wisselwerkend hiermee koördineer, word beskou. Aandag sal ook aan leksis bestee word in 'n poging om 'n digterlike "leksikon" af te lei. Een van die voor-die-hand-liggendste aspekte van 'n digter se idiolek is die herhaling van bepaalde woorde in sy poësie. Hierdie woorde kan selfs as sleutelwoorde in 'n hele oeuvre dien. Integrasie van hierdie woorde binne die seggingsgeheel van 'n bundel, rubriek of selfs gedig kan 'n unieke patroon ('n idiolek) vorm. Die digter se leksikon het betekenisimplikasies vir die geheel van sy werk en raak daarom by uitstek sy idiolek.

'n Verdere doelwit is om die literatorkomponent van die samestelling literator-digter te bestudeer en wel soos dit idiolekties gekonkretiseer is in Cloete se poësie. Dit kom in hoofstuk 3 aan die orde. Cloete se unieke wyse van waarneming kry onder andere aandag in hierdie hoofstuk. Die titel "Sin en idiolek" dui dus op die rasioneel-intellektuele dimensie van Cloete se woordkuns. Soos in die vorige hoofstuk is verseksterne sowel as versinterne uitsprake, in sover dit relevansie het, in berekening gebring. Die wetenskaplike onderbou van Cloete se poësie en 'n voorlopige kwalifisering van die idiolektiese daarvan, word ook gegee, maar waar vanuit "vers"-perspektief in die vorige hoofstuk gefokus is op dit

wat eie is aan Cloete se oeuvre, word nou vanuit "sin"-perspektief na kenmerkende trekke gekyk.

Die Woord-komponent van die subtitel dui op 'n volgende doelwit, wat in hoofstuk vier ter sprake kom. In 'n poging om die Cloete-idiolek te beskryf, word die fokus op die religieuse dimensie van sy poësie geplaas en veral die Cloete-idoom wat in die teken van 'n bepaalde religieuse visie staan, word verreken. Sekere aspekte van die Cloete-leksikon word beskou en soos by vorige hoofstukke word weer eens afleidings (voorlopig) gemaak ten opsigte van die patroonmatige in Cloete se poësie.

Hoofstuk 5 volg 'n alternatiewe benadering tot die probleem van idiolek-identifikasie. 'n Nuwe strategie, afgelei van 'n model wat tevore in 'n ander literêre sfeer in verband met die beskrywing van 'n literêre idiolek gebruik is, word gevolg. Die bestaande model word sodanig aangepas dat dit ook Cloete se eksplisiete bemoeiing met 'n bepaalde vorm van intertekstualiteit belig. Dit is 'n poging om vanuit teksvariante deur herhalende elemente idiolektiese verskynsels in Cloete se poësie bloot te lê.

Die slotbeskouing het ten doel 'n sintese van vorige bevindinge en bepaal uiteindelik die wisselwerkende aard van vers, sin en Woord as oorkoepelende idiolek van T.T. Cloete.

## VII DOELWIT

Samevattend is die hoofdoel van hierdie studie dus om die interafhanklikheid van Cloete se artistiek-kreatiewe en wetenskaplik kreatiewe denke saam met die religieuse stramien van sy poësie te verreken en die essensie van sy idiolek, wat in Idiolek neerslag vind, aan te dui.